IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: A484/2008

DATUM: 6 FEBRUARIE 2009

In die saak tussen:

THANDUXOLO MOLAUDI — Appellant

en

DIE STAAT — Respondent

---

U I T S P R A A K

FOURIE, R:

Die appellant het in die Streekhof tereggestaan op een aanklag van onsedelike aanranding. Hy het onskuldig gepleit, maar na die aanhoor van getuienis, het die streeklanddros hom skuldig bevind, soos aangekla, en tot agt jaar gevangenisstraf gevonnis. Hy kom nou met verlof van die Hof *a quo* in hoër beroep teen sy skuldigbevinding.

/....

Dit is gemene saak dat die sewentienjarige klaer die betrokke dag onsedelik aangerand is deurdat 'n manspersoon teen die klaer se wil per anum met hom gemeenskap gehad het. Die onafhanklike getuienis van 'n geneesheer, wat appellant later die dag ondersoek het, staaf sy weergawe dat hy inderdaad die dag gesodomiseer is.

Die wesenlike geskilpunt is egter of appellant die persoon is wat die klaer onsedelik aangerand het. Appellant se verweer was inderdaad dat hy die klaer van geen kant af ken nie en hom nie die dag seksueel aangerand het nie. Die wese van die betoog namens appellant is dat die getuienis van die klaer as enkelgetuie nie voldoende betroubaar is om appellant se skuld bo redelik twyfel te bewys nie.

Dit is geykte reg dat 'n hof van appèl slegs met die bevinding van 'n verhoorhof ten aansien van die meriete sal inmeng indien die verhoorhof ten aansien van die reg of die feite misgetas het. Dit moet verder ook in gedagte gehou word dat die verhoorhof die voordeel gehad het om die getuies persoonlik te sien en hulle optrede te beoordeel met die gevolg dat 'n hof van appèl slegs die verhoorhof se beoordeling van die getuienis sal verwerp as dit duidelik verkeerd is.

Die streeklanddros het in sy uitspraak deeglik kennis geneem van die feit dat die klaer 'n enkelgetuie is en dat sy getuienis met versigtigheid benader moet word. Daarbenewens het die landdros homself ook gewaarsku dat getuienis ten opsigte van identiteit versigtig oorweeg moet word, aangesien selfs eerlike getuies 'n fout ten aansien van identifikasie kan maak. Die landdros het bevind dat die klaer 'n baie goeie getuie was. Met die lees van die oorkonde blyk daar nie enige rede te wees waarom die klaer se eerlikheid bevraagteken moet word nie.

Ek is dit eens met die streeklanddros dat die klaer voldoende tyd tot sy beskikking gehad het om sy aanrander te identifiseer. Die getuienis toon dat die klaer in die moeilikheid was toe hy toegesluit is omdat hy sonder 'n treinkaartjie gereis en 'n weldoener na vore getree het om sy boete te betaal. Toe hy vrygelaat is, getuig die klaer, is appellant as die weldoener aan hom uitgewys. Soos tereg deur die landdros bevind, sou hy sekerlik behoorlik gekyk het wie sy weldoener is veral aangesien die persoon ook nog aangebied het om sy taxigeld na Langa te betaal.

Daarna is hy saam na die persoon se woonplek te Langa waar die voorval, wat aanleiding gegee het tot die klagte, plaasgevind het. Die klaer was vir meer as 'n uur in die persoon se teenwoordigheid en het dus meer as voldoende

/ ....

geleentheid gehad om 'n uitkenning te maak. Daarbenewens het die klaer vir appellant dieselfde aand by laasgenoemde se woonplek aan die polisie uitgewys.

Die vraag wat egter steeds beantwoord moet word, is of die identifikasiegetuienis van die klaer, alhoewel eerlik, ook voldoende betroubaar is om die skuld van die appellant bo redelike twyfel te bewys. Dit is namens appellant betoog dat die voorval traumaties was en die klaer se oordeelsvermoë kon beïnvloed het, met die gevolg dat hy 'n eerlike fout kon begaan het. Soos ek egter reeds gemeld het, was die klaer in helder daglig vir 'n geruime tyd in appellant se teenwoordigheid. Die trauma wat gepaard gegaan het met die seksuele aanranding het egter eers aan die einde van hierdie tydperk plaasgevind, met gevolg dat dit nie noodwendig die klaer se vermoë om appellant te identifiseer sou beïnvloed het nie. Die vraag bly egter steeds of die uitkenning, objektief gesproke, as voldoende betroubaar aangemerk kan word. In hierdie verband moet genoem word dat die klaer saamgestem het dat daar niks uniek was aan appellant se voorkoms nie.

Dit is namens appellant betoog dat die klaer redelikerwys 'n fout ten aansien van die uitwysing van die woonplek van appellant kon begaan het. Dit is wel so dat hy die polisie na hierdie hokkie in die agterplaas van 'n woning te Langa

/....

geneem het waar hy vir appellant uitgeken het. Dit moet egter aanvaar word, soos die getuienis toon, dat Langa 'n woonbuurt is waar dit gebruiklik is om hokkies in huise se agterplase op te rig. Daar was ook niks uniek aan hierdie betrokke hokkie nie.

Daar is ook namens appellant daarop gewys dat daar verskille is tussen die klaer se getuienis en dié van kaptein Tuswa wat hom tydens die soektog vergesel het. Eerstens, sê klaer, dat dit hom "ure gevat het" om appellant se blyplek te vind terwyl Tuswa sê dat dit nie lank geneem het nie. Daarbenewens sê klaer dat daar 'n smokkelhuis naby appellant se blyplek was, terwyl Tuswa dit nie opgelet het nie. Hierdie weerspreking is op sigself nie noodwendig wesenlik nie, maar moet dit oorweeg word tesame met die volgende weerspreking tussen die getuienis van die klaer en Tuswa.

Die klaer het getuig dat met hulle aankoms by sy blyplek in Langa die appellant hom herken en gesê het "O, dit is jy!" Klaer getuig voorts dat toe die polisie vir appellant gevra het of hy vir die klaer ken, appellant gesê het "Hy ken vir my". Daarteenoor het kaptein Tuswa egter getuig dat appellant nie aangedui het dat hy vir die klaer herken nie. Sy getuienis in hierdie verband is as volg:

"COURT: Can you remember at all the reaction of the accused when he saw the complainant? Did he give an indication if he knew him or not or did he say anything to him? --- No, he was just normal.

He did not say that he does not know this boy of he knew him or anything like that? --- Only he told me he didn't do what the boy accused him of."

Die getuienis moet uiteraard as 'n geheel oorweeg word met insluiting van appellant se alibi-getuienis. Soos tereg deur die landdros aangetoon, is daar weersprekings in appellant se getuienis. In besonder kan gelet word op die feit dat daar aan die klaer gestel is dat appellant eers tussen 1:00 en 2:00 namiddag die betrokke dag uit sy slaap ontwaak het, terwyl sy getuienis was dat hy net tot 11:00 voormiddag geslaap het. Verder getuig hy dat sy meisie dié dag gaan werk het en ongeveer 12:00 die middag teruggekeer het. Onder kruisverhoor het dit egter geblyk dat sy meisie so laat as 2:00 namiddag eers weer kon teruggekeer het.

Dit bring my dan weereens terug by die kernvraag, is die klaer se getuienis in die lig van die getuienis as 'n geheel, voldoende betroubaar vir soverre dit die uitkenning van die appellant betref? In die lig van die probleemareas in klaer se getuienis, veral die verskille tussen sy getuienis en dié van kaptein

Tuswa, vra 'n mens jouself af of daar voldoende veiligheidswaarborge is vir die klaer se getuienis ter uitkenning van appellant. Dit is korrek, soos deur die landdros bevind, dat die klaer meer as voldoende tyd gehad het om appellant waar te neem ten einde hom te kan uitken. Dit is ook so dat hy dieselfde aand inderdaad vir appellant uitgeken het. Wat die landdros egter nie in sy uitspraak in ag geneem het nie, is die wesenlike verskil tussen die klaer en Tuswa se getuienis, naamlik, dat, volgens klaer, die appellant sou gesê het dat hy die klaer herken. As Tuswa se getuienis aanvaar word – en daar blyk geen rede waarom dit nie aanvaar moet word nie – naamlik, dat die appellant dit nooit gesê het nie, ontstaan die vraag waarom die klaer dan op hierdie wyse sou gepoog het om sy getuienis aan te dik. 'n Redelike afleiding sou wees dat hy onseker was oor die betroubaarheid van sy uitkenning en sy getuienis aangedik het om sy uitkenning van die appellant te ondersteun.

Hoe dit ook al sy, is ek in die lig van wat ek reeds gesê het, nie oortuig dat die klaer se getuienis, in die afwesigheid van objektiewe getrouheidswaarborge, voldoende betroubaar is vir 'n bevinding dat die Staat bo redelike twyfel bewys het dat appellant die persoon is wat die klaer onsedelik aangerand het nie.

Derhalwe sou ek die appèl handhaaf en die SKULDIGBEVINDING EN VONNIS TERSYDE STEL.

D POTGIETER, WnR: Ek stem saam.

.............................................

D POTGIETER, WnR

FOURIE, R: Dit word so gelas.

.............................................

FOURIE, R

/....